Ons is in kontak met 'n netwerk van plaaslike kerke en is in samewerking met hulle besig om hulp te bied aan dié in nood. **Bid** asseblief vir die families van daardie wat geaffekteer is. **Bid** dat die Here sal voortgaan om ons wysheid te gee, terwyl ons poog om in die behoeftes van die slagoffers te voorsien en vir ons geleenthede te gee om hulle aandag op Jesus te vestig.

## *DRIE NUWE WERKERS*

Drie nuwe sendelinge het in Januarie 2024 by Japansending aangesluit. Callum Kyllonen is 'n jongman van Brits-Colombia, Kanada. Hy werk as Engelse evangeliese onderwyser in verskeie kerke en hy help ook met media-uitreik.

Ed en Toby Thomas is 'n afgetrede egpaar van Texas, VSA. Hulle werk as Engelse evangeliese onderwysers, terwyl hulle ook help met evangelisasie en dissipelskap in plaaslike kerke.

**Bid** assebief dat die Here hierdie drie sendelinge sal seën met wysheid en onderskeidingsvermoë, terwyl hulle moet aanpas by 'n nuwe kultuur.

## *GEBOORTEAANKONDIGING*

Edward en Josephine Zimmerman is in April 2022 getroud en het voortgegaan om te werk as sendelinge by Japansending. Hulle verwag hulle eerste kind aan die einde van Maart 2024. **Bid** asseblief vir 'n veilige bevalling en dat die Here hierdie kind sal gebruik om sy Naam te verheerlik.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

**MAART-APRIL 2024**

**"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"** (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

**Geroep om te dien**

## *DIE ONGEWOONSTE HUWELIK*



*David en Sue Verwey*

David Verwey is in Januarie 1962 in die VK gebore. Toe hy drie maande oud was, het die oorlede stigters van Japansending, Neil en Peggy Verwey, hom na Japan gebring. Na hy in 1987 sy studies in die VSA voltooi het, het hy en sy vrou Sue begin werk as sendelinge by Japansending, en is nou die Direkteur van die werk in Japan.

Terwyl David-hulle sendingwerk gedoen het, het hy verskeie versoeke ontvang om troues te hanteer. "Ek het 'n week gelede die ongewoonste ondervinding gehad," het David gedeel. "Ek is gevra om 'n Christelike huweliks-bevestiging in Osaka waar te neem vir 'n groep van 17 reisigers afkomstig van die binneland van Sjina. Hulle moedertaal was Sjinees (Mandaryn) en het hulle nie Japannees gepraat nie. Dit blyk dat die meeste van hulle Engels kan praat en verstaan, alhoewel hulle uitspraak maar power was.

"Ek kan nie Sjinees praat nie, derhalwe het ek 90% van die huwelik in Engels gehou en 'n bietjie Japannees. Ek het op baie se gesigte blydskap gesien toe ons '***Wat 'n Vriend het ons in Jesus'*** gesing het en ek 1 Kor. 13 voorgelees het.

Nadat die egpaar hulle instemming gegee het tot die plegtige belofte wat ek voorgelees het, het hulle ook hulle eie beloftes in Sjinees aan mekaar voorgelees.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 337-1533**
**Sel: 063 170 1480**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

Ek kon nie 'n woord verstaan nie, maar ek het die trane sien rol oor die bruid se gesig.

"Terwyl ek 'n seënbede oor die egpaar uitgespreek het, het baie hartlik met ***'Amen'*** meegedoen aan die einde.

"Na die troue het ons uitgegaan om die egpaar geluk te wens deur roosblare in die lug te strooi, terwyl hulle met die trappies afgeloop het. Terwyl ons vir die egpaar gewag het om uit te kom, het ek in die oë van die gaste gekyk. Daarna het ek gekyk na hulle glimlaggende en stralende gesigte en het dadelik besef dat ons geestelik verwant is.

"Ek het die vrou langs my gevra of hulle Sjinese Christene is en sy het geknik. Ek het haar aangemoedig deur te sê, 'Ons bid vir julle in Sjina'"

Om te dink dat hierdie Sjinese mense na Japan moet ontsnap om die vryheid te kan geniet om openlik 'n Christelike troue te kan hê!

Hierdie is die gelukkige mense wat geld het om te kan reis. Daar is baie arm en onderdrukte Christene in Sjina wat baie dinge in die geheim moet doen uit vrees vir vervolging. Bid asseblief saam met ons vir hierdie mense.

## *UITREIK NA SJINESE IN JAPAN*

Voor COVID het ongeveer 9 miljoen Sjinese toeriste elke jaar Japan besoek. Hierdie getal het verminder tydens COVID, maar is stadig besig om weer te vermeerder.

Statistieke toon dat ongeveer 700,000 Sjinese in Japan woon, waarvan 100,000 studente is. Dit het vir ons 'n goue geleentheid gebied om letterlik miljoene Sjinese vir die Here te bereik. Ons voorsien aan hulle traktaatjies en Bybels, met die hoop dat hulle dit saam sal neem na Sjina.

Eendag het 'n Sjinese man na Japansending gekom op soek na 'n Bybel. Hy het ons inligting op die internet gekry. Sy vrou het hom daardie oggend uitgestuur met die woorde, "Moenie terugkom sonder 'n Bybel nie." Sy het Christene in haar familie, maar hy het nog geworstel in sy hart met Boeddhisme. Ons het hom en sy gesin bekendgestel aan 'n goeie kerk. Hulle het dit gereeld begin bywoon en later hulle harte vir die Here gegee. Hulle het verskeie van hulle vriende aan dieselfde gemeente bekendgestel en hulle is ook gered!

In Sjina is dit feitlik onmoontlik om die Here openlik te aanbid. Daarenteen word baie kerke in Japan deur Sjinese studente en toeriste bygewoon. Japansending werk in vennootskap met verskeie organisasies om uit te reik na hierdie mense.

**Bid** asseblief dat baie waarlik sal verander en dapper genoeg sal wees om die saad te saai wanneer hulle terugkeer na hulle tuisland.

## *NUUS OOR BYBELS VIR SJINA*

Japansending gaan voort om Bybels beskikbaar te stel aan Sjina deur middel van verskeie evangelievennote. Tydens die COVID-reisinperkings was dit bykans onmoontlik om Bybels in Sjina in te neem. Sedert die inperkings opgehef is, vloei die Bybels weer in die hande van die Sjinese in.

Ons ontvang al hoe meer berigte uit verskeie bronne hoe die beperkings op Christene toegeneem het. Mnr. Chang (skuilnaam) het die volgende gedeel, "Oor die laaste 5 jaar het die outoriteite baie hard probeer om die uitbreiding van die Christendom te stop. In party provinsies is 85% van die kerke gesluit en baie kerkgeboue is gesloop. Geen jongmens word toegelaat om kerke by te woon.

Christelike huwelike en begrafnisse word nie meer toegelaat nie, en geen Kersfeesgeleenthede kan gehou word nie.

Broer Chang het vertel van pamflette wat versprei word aan die publiek waarin hulle gewaarsku word teen ***onwettige Christelike aktiwiteite.*** 'n Stelsel is geïmplementeer waarvolgens diegene wat die outoriteite in kennis stel van sulke byeenkomste en aktiwiteite 'n kontantbeloning sal kry.

As iemand gevang word waar hulle besig is om 'n Christelike byeenkoms in hulle huis te hou, word hulle swaar beboet. Baie van hulle se huise, karre en besittings is gekonfiskeer. Party is gedreig, lastig geval en in die tronk gegooi. Een broer is tans besig om 'n vonnis van 5 jaar uit te dien omdat hy onwettig Christelike literatuur gedruk het.

In een kerk het 1 400 mense elke Sondag bymekaargekom totdat hulle gedwing is om toe te maak. Hierdie kerk het nou in verskeie klein groepe van omtrent 20 gelowiges verdeel. Huidig ontmoet hulle in privaat huishoudings en hulle het gevind dat dit vir hulle werklik 'n seën is en dit lei dan ook tot die uitbreiding van die koninkryk van God. Ongelowiges word baie diskreet na die samekomste genooi en baie het hulle geloof in Christus bely. Verder het hulle gevind dat die kleiner groepe al hoe moeiliker vir die outoriteite is om op te spoor. **Bid** asseblief dat die Here hierdie kleingroepkerke wat oor die hele Sjina gevind word, sal beskerm en seën.

Die gelowiges in Sjina het regtig ons gebede baie nodig. Die behoefte aan Bybels is verskriklik groot. Sedert COVID-inperkings opgehef is, word Bybels weer in Sjina ingeneem.

**Bid** asseblief vir wysheid en beskerming vir hulle wat betrokke is by die vervoer van Gods Woord na die afgeleë gebiede van Sjina. **Bid** dat die Here die nodige hulpbronnne sal voorsien om met hierdie nood te help.

## *'N SKOKKENDE BEGIN*

Japan het 'n onverwagte en skokkende begin beleef in 2024. 'n M7.6-aardbewing het die Noto Skiereiland op Nuwejaarsdag getref! Hierdie landelike gebied van Japan, omtrent 300 km van ons af, het ongelooflike skade gekry. Ongeveer 250 mense het gesterf en sekere gemeenskappe is totaal van die buitewêreld afgesny omdat paaie verwoes is. Die skade was so omvangryk dat dit die outoriteite 'n paar weke geneem het om daardie inwoners in sommige van die verafgeleë areas te bereik.